

Wat het hulle in jou huis gesien?



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Jesaja 38; 39; 1 Korintiërs 7:12-15; 1 Petrus 3:1, 2; Hebreërs 6:12; 13:7; 3 Johanness 11 en Jesaja 58:6, 7, 10, 12.

Geheeteks:

“Julle, daarenteen, is ’n uitverkore volk, ’n koninklike priesterdom, ’n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig” (1 Petrus 2:9, NAB).

Dalk het jy en jou huisgesin die plek bereik waar julle, danksy die Here, (op die oomblik) stabiliteit het: Alles by die huis en werk verloop klopdisselboom, almal is gesond en die begroting klop. Soms is dit egter nie die geval nie. Miskien beleef julle op die oomblik pyn of ongelukkigheid. Hoe dit ook al sy, dit laat ’n mens aan die Babiloniese gesante se besoek aan die koninklike hof, in die tyd van Hiskia, dink. Later vra die profeet Jesaja aan die koning: “Wat het hulle in u huis gesien?” (*Jes. 39:4, OAB*). Dié vraag is ook vir die hele gesin: Wat het kuiergaste in ons huis gesien? Wat het engele in ons huis gesien? Watter soort gees heers by ons? Is dit die welriekende geur van gebed wat in ons huis hang? Heers daar goedhartigheid, vrygewigheid en liefde; of spanning, woede, bitterheid, tweespalt en haat? Watter indruk laat ons by die besoeker – dat Jesus in ons huis woon?

Hierdie is belangrike vrae wat elke gelowige hom of haar moet afvra – oftewel in ’n neutedop: Watter soort tuisatmosfeer het ek help skep? Vandeeweek kyk ons na ’n paar van dinge wat die gesinslewe ’n geseënde ervaring kan maak, en dit ten spyte van die onafwendbare spanning en struwelinge waarmee die gesin daagliks te kampe het.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 22ste Junie.*

Lesse uit 'n koninklike fout

Lees die verhaal van koning Hiskia se wonderbaarlike genesing en die Babiloniese gesante se amptelike besoek. 2 Kron. 32:25, 31 en Jes. 38; 39.

In dié bybelverhaal stel die gesante duidelik belang in die koning se wonderbaarlike genesing. Klaarblyklik swyg Hiskia soos die graf. Nêrens vestig hy sy ongelowige besoekers se aandag op die dinge wat 'n kennismaking met die ware God kan teweegbring en hulle derhalwe ontvanklik vir die influisterende Gees kan maak nie. Sy dankbaarheid in hoofstuk 38 staan in skrilte kontras teenoor sy stilswye in die daaropvolgende hoofstuk. “God het toe vir Hiskia alleen gelos om hom te toets” (2 Kron. 32:31, ABA). Dié staatsbesoek was geweldig belangrik, tog lees 'n mens nêrens dat Hiskia biddend by die profete en priesters om leiding aanklop nie. God gryp ook nêrens in nie. In die afgeslotenheid van sy paleis waar die publiek geen insae het nie, en boonop sonder die bystand van geestelike raadgewers, vergeet Hiskia skielik van die magtige dinge wat God in sy eie lewe asook dié van Israel gedoen het. Met 2 Kronieke 32:31 wou die geskiedskrywer seker toon hoe maklik dit is om die seëninge van die Here as vanselfsprekend te aanvaar, en dat die ontvangers van sulke genadegawes al te maklik dinge op eie stoom wil begin doen.

Hieronder is 'n paar lesse oor getrouheid in gesinsverband wat 'n mens uit Hiskia se verhaal kan leer. Kan jy aan enige ander dink?

Elke besoek aan 'n Christelike huis is 'n geleentheid vir die nie-Christen om volgelinge van Jesus te ontmoet. Min besoekers is egter bereid om 'n ope gesprek oor geestelike dinge te voer. Die Christen moet dus maniere vind om die blye boodskap op 'n sensitiewe wyse oor te dra, en boonop op die regte oomblik. Hoewel stofflike welvaart en prestasie duidelik 'n gawe van bo is, is ons roeping vêr bokant die tentoonstelling van hierdie dinge verhewe; naamlik om “die verlossingsdade te verkondig van Hom wat ons uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig” (1 Pet. 2:9, NAB; *woordorde effens aangepas*). 'n Mens ook Hiskia se genesing as simbool gebruik, en sê: Ons word geroep om te sê dat ons terminaal was, maar dat Christus ons genes het, en dat Hy ons uit die sondedood opgewek en uiteindelik 'n ereplek by die Vader gegee het (Ef. 2:4-6).

Op watter maniere kan die gelowige sy of haar huis gebruik om vir Christus te getuig? Hoe kan 'n mens jou Christenskap op 'n meer direkte wyse aan gaste oordra?

Dit begin by die gesin

Dit maak tog sin dat ons eie huismense die eerste ontvangers van ons evangelisasiepogings moet wees. Dit is en bly die belangrikste sendingveld.

Lees Johannes 1:40-42. Watter afleidings aangaande tuisgetuienis (oftewel om teenoor gesinslede vir Christus te getuig) kan 'n mens daaruit maak? Lees ook Deut. 6:6, 7 en Rut 1:14-18.

'n Begeesterde verkondiging. Andreas het nie net die goeie nuus oorgedra nie, hy het boonop gereël dat sy broer Simon-Petrus vir Jesus persoonlik ontmoet. Evangelisasie is die tweeledige en begeesterde verkondiging van Jesus – die oordra van die goeie nuus oor sy aardse sending, asook die bekendstelling van Hom as 'n toeganklike persoon. Dit is so 'n eenvoudige ou formuleetjie vir tuis-evangelisasie! Wat meer is, na die bekendstelling van die Meester tree Andreas terug, sodat Jesus en Simon-Petrus mekaar self kan bevriend. Help die kind om op sy of haar “geloofsbene” te kom. Wanneer dit by evangelisasiepogings kom, is dit so maklik vir grootmense om kinders oor die hoof te sien omdat hulle dikwels nie as geskikte evangelisasiekandidate gesien word nie. Baie ouers meen dat die kind se teenwoordigheid in 'n gelowige huis outomaties tot geestelike groei sal lei. Hulle begaan egter 'n fout. 'n Geestelike lewe val nie sommer net in die kind se skoot nie. Kinders en jongmense leer weliswaar uit die ouers se voorbeeld, tog is dit net so belangrik dat hulle individuele aandag moet ontvang asook die geleentheid moet kry om Jesus persoonlik te leer ken. Hulle is immers die jonger lede van die kerkgesin. In dié verband dring Deuteronomium 6 by ouers aan: Werp alles in die stryd om die kind die mees doeltreffende godsdienstige opvoeding te gee. Die gereelde beoefening van praktyke wat bevorderlik vir die aankweek van elke gesinslid se geestelike lewe, asook vir die gesin as 'n geheel is, behoort aangemoedig te word. Ons kinders en jongmense se geestelike lewens verg tyd en inspanning.

Wat kan ons uit Naomi se evangelisasiepogings leer? Rut 1:8-22.

Toe Naomi groot teëspoed beleef het, was Rut by haar – toe sy haar skoondogter probeer wegstuur het, en toe sy uit pure woede en moedeloosheid teen God uitgevaar en al die skade wat sy moes lei by die naam genoem het (Rut 1:15, 20, 21). 'n Meer veelseggende getuienis as Rut s'n is daar geensins nie; een wat toon dat 'n jongmens wel 'n ontmoeting met 'n volmaakte God kan hê, en boonop een waartoe daardie jongmens hom of haar kan verbind selfs al kom daardie bekendstelling deur 'n onvolmaakte ouer.

Die huisgesin is dus die belangrikste sendingveld. Hoedanig beïnvloed hierdie wete 'n mens se houding teenoor jou huisgenote? Laat die gesin nou koppe bymekaarsit en 'n lys van mini-evangelisasieprojekte saamstel, ten einde ongeredde familielede (m.a.w. bloedverwante buite die evangeliserende gesinnetjie) aan Christus bekend te stel.

Vrede wat triomfeer

Watter raad het die Nuwe Testament vir huwelike waar die man en die vrou nie dieselfde oortuigings het nie en die paartjie dus verdeeldheid beleef? 1 Kor. 7:12-15 en 1 Pet. 3:1, 2.

Geseënd om die gelowige huweliksmaat te wees. In Paulus se tyd was getroude bekeerlinge bekommerd dat hul onbekeerde huweliksmaat nie die Here se goedkeuring sou wegdra nie of dat daardie persoon op 'n manier 'n verderflike invloed op die bekeerling en sy of haar kinders sou hê. In 1 Korintiërs takel Paulus dié kwessie en sê basies: Dit is beter om binne die heilige band van die eg te bly. Die intieme liefdesomgang moet ná bekering voortgesit word. Die teenwoordigheid van die bekeerde huweliksmaat het 'n "heiligmakende" invloed op die onbekeerde man of vrou, asook die paartjie se kinders. Die "heiligmaking" waarna ons hier verwys, dui op die feit dat die gelowige huweliksmaat voortdurend die onbekeerde man of vrou in kontak met die genadegawes van die Here bring. Hoe jammerlik dit ook al is, kan die ongelowige maat natuurlik besluit om daardie huwelik te beëindig. Hoewel dit ernstige gevolge het, is die Here sy gebroke kinders genadig. Hy – wat altyd die mens se vryheid van keuse hoog op prys stel – sê: "Laat dit dan so wees" (NLV). "In sulke gevalle is die gelowige man of vrou nie gebind nie" (1 Kor. 7:15, NAB). Laat die twee in vrede saamleef. Ten spyte van die uitdagings wat godsdienstige verdeeldheid binne die huwelik meebring, kan die paartjie 'n manier vind om die vrede van Christus te laat seëvier. Dit is immers, volgens die Skrif, God se eerste keuse. Deur die vrede van Christus kan die paartjie hopelik hul huwelik red en toon hoedat die evangelie te midde van struikelblokke triomfeer. Dit kan ook die onbekeerde maat op sy of haar gemak laat voel, 'n maat waarmee die gelowige immers een geword het, ten spyte van die feit dat hy of sy ongelowig is.

Waar eindig 'n mens se verpligting teenoor jou ongelowige huweliksmaat?

Die gelowige huweliksmaat se goedertierenheid, onwrikbare getrouheid, nederigheid, gewilligheid om diensbaar te wees en 'n liefvallige getuienis vir Christus – al hierdie dinge vergroot die kans dat die ongelowige maat tot inkeer sal kom. Neem in ag dat eerbied vir Christus die dryfveer vir die Christelike huwelik se tipe onderdanigheid is (vgl. Ef. 5:21). Wanneer die gelowige op 'n Christelike wyse aan sy of haar ongelowige huweliksmaat onderdanig is, geniet lojaliteit aan Christus egter altyd voorrang. Om getrou aan God se eise te bly, beteken nie dat jou maat jou mag mishandel of geweld mag aandoen nie.

**Is daar iemand in jou gemeente wat onder 'n ongelowige man of vrou moet ly?
Watter konkrete hulp kan 'n mens in sulke gevalle aan die lydende party bied?**

Die gesin – ’n plek om te deel

Lees die volgende teksverse en kyk watter betekenis die Nuwe Testament aan die begrippe “voorbeeld volg” (NAB) en “navolging” (OAB) heg. Wat sê dit oor bekering en die Christen se opwaartse strewing? Dit sinspeel ook op ’n verbintenis tussen rolmodel wees en getuig. Wat sê daardie verbintenis vir ons? 1 Kor. 4:16, Ef. 5:1, 1 Tess. 1:6, Heb. 6:12, 13:7 en 3 Joh. 11.

Die Nuwe Testament lê klem op die navolging van ’n voorbeeld tydens die leerproses. Mense is geneig om te word soos die persone of dinge wat hulle gereeld sien. Dit geld boonop vir alle mensverhoudinge, en veral tuis, waar nabootsing aan die orde van die dag is. Die kinders boots hul ouers en hul broers en susters na, en getroude paartjie boots mekaar na. Om iemand se voorbeeld te volg, is besonder deurslaggewend in die wyse waarop paartjies en gesinne teenoor ander paartjies en gesinne vir Christus getuig. Die mag van sosiale invloed. Met elke besoek bied ons iemand die geleentheid om ons optrede as stille getuienis waar te neem. In ’n sekere sin is dit ook ’n uitnodiging aan die besoeker om deel van ons tuiservaring te wees. Ongelukkig is swak huwelike en gesinsverhoudinge die tipe voorbeelde wat in baie huise gestel word. Die Christelike huishouding behoort egter die teendeel te toon, naamlik dat die gees van Christus wel ’n verskil maak waar dit heers. “Sosiale invloed is ’n wonderlike ding – as ’n mens regtig wil, kan jy dit ten bate van die mense om jou gebruik” – aldus Ellen G. White (in *The Ministry of Healing*, bl. 354).

Wanneer die een getroude paartjie ’n ander paartjie vir ete, samesyn of bybelstudie oornooi of wanneer ’n klomp paartjies ’n huweliksverrykingseminaar saam bywoon – is een ding seker: Die een demonstreer ’n Godgerigte huwelik aan die ander. Aktiewe wederkerigheid, woorde van wedersydse erkenning, kommunikasie, konflikthantering, asook die akkommodering van onderlinge verskille getuig dan van ’n Christosentriese huishouding en huwelik.

Wanneer dit by die navolging van die goeie rolmodelle om jou kom, moet ’n mens egter iets belangriks besef. ? Jer. 17:9, Joh. 2:25 en Rom. 3:23.

Wat kan jy doen om jou huis ’n beter voorbeeld vir Christus te maak?

'n Tuiste vir gasvryheid sonder grense

Vergelyk die volgende voorskrifte oor gasvryheid (*Jes. 58:6, 7, 10-12; Rom. 12:13 en 1 Pet. 4:9*) met die onderstaande voorbeelde van bybelfigure wat gasvry teenoor ander was. Let op die eienskappe wat uit die bybelfigure se optrede blyk.

Abraham en Sara (*Gen. 18:1-8*)

Rebekka en haar huisgesin (*Gen. 24:15-20 en verse 31-33*)

Saggeus (*Luk. 19:1-9*)

Gasvryheid beteken dat 'n mens in jou naaste se behoeftes voorsien; basiese dinge soos rus, kos en geselskap. Dit is 'n tasbare uitdrukking van selfopofferende liefde. Vir Jesus was en is gasvryheid 'n aanbiddingsgebaar; want wanneer jy ander se honger stil of hul dors les, is dit inderwaarheid – soos die Afrikaanse woordjie dit so raak beskryf – godsdiens (*Matt. 25:34-40*). Om 'n mens se huis vir diens aan God en die mens te gebruik, wissel van eenvoudige dinge soos om die bure vir ete te nooi, tot 'n meer ingrypende diens soos om onderdak aan 'n slagoffer van gesinsgeweld te gee. Dit behels o.a. 'n eenvoudige gebaar soos vriendelikheid, maar ook om saam met iemand te bid of selfs bybelstudies te gee. Ware gasvryheid kom van binne. Diegene wat die liefde van God persoonlik ervaar het, wil dit nou in woord en daad ook aan ander bewys.

Gesinne maak gou verskoning dat gasvryheid bo hul vuurmaakplek is: “Ons beskik nie oor die nodige spasie nie” of “Ons het nie tyd nie” of selfs “Ons sien nie daarvoor kans nie.” Ander voel dat hulle dalk nie die regte geaardheid of die nodige vaardighede vir gasvryheid het nie. Party is bang om hul gemaksone te verlaat, aangesien gasvryheid direkte interaksie met ongelowiges kan beteken. Dan is daar ook diegene wat voel dat die verhoogde mensbetrokkenheid 'n onnodige komplikasie is. Baie moderne huisgesinne verwar egter gasvryheid met onthaal.

Op watter maniere is die gesin se doen en late tekenend van 'n mens se eie geestelike toestand?

Vir verdere studie:

: Ellen G. White-geskrifte – “A Powerful Christian Witness” (bl. 35-39) en “Attitude Toward an Unbelieving Companion” (bl. 348-352) in *The Adventist Home*, “Ministry of the Home” (bl. 349-355) in *The Ministry of Healing*, en “The Ambassadors From Babylon” (bl. 340-348) in *Prophets and Kings*. Die huis as ’n kragtige instrument vir evangelisasie. “Dit is aansienlik kragtiger as ’n preek – die uitwerking wat ’n opreg gelowige huis op ander se harte en lewens het... “Ons invloedseer blyk dikwels klein te wees, ons vermoë en kundigheid gebrekkig, en die geleentheid maar yl gesaai. Tog kan ons wonders verrig as ons net ons huise, en die geleentheid wat dit ons bied, reg wil benut” (Ellen G. White, *The Ministry of Healing*, bl. 352, 355).

Vrae vir bespreking:

1. Vra of enigeen in die klas al danksy ’n ander se tuisvoorbeeld besluit het om sy of haar lewe vir Christus te gee. Bespreek ook die spesifieke dinge in daardie gesin wat so ’n goeie indruk op die bekeerling gemaak het. Wat kan die klas daaruit leer?
2. Op watter praktiese maniere kan die klas uitreik na ’n gesin waarin die een huweliksmaat ongelowig is?
3. Watter dinge in ’n mens se huis ondermyn die gesin se geloofslewe. Stel ’n lys op en skryf langs elke item ’n moontlik oplossing neer.
4. Volwasse Christene se privaat lewens kan ’n getuienis vir die kind, vir ongelowige lewensmaats, vir ander bloedverwante en ook besoekers wees. Hoewel tuisgetuienis nie altyd so volledig is as wat ’n mens graag sou wou hê nie, en dit nie altyd op die bekering van familieleden en gaste uitloop nie, probeer onvolmaakte gesinslede steeds hul bes om rigtingwysers na die volmaakte Heer en Heiland te wees. Deur sy of haar kontak met ’n Christelike huishouding, en danksy die oorvloedige gasvryheid wat in die naam van Christus geskied, word die besoeker in aanraking met God se allesomvattende genade gebring. Watter invloed het jou huis en huisgesin op gaste? Wat kan jy doen om dit ’n beter getuienis vir Christus te maak, ongeag wie julle besoek?